20 Januarie 2019

PRAKTIESE WYSHEID

VIR KLEINGROEPE

1 Korintiërs 12: 1-11

ons **storie**
ys**breker**

Waarvoor komplimenteer mense jou gewoonlik?

word **stil**

Lees **Psalm 36: 6-11** as 'n gebed.
Dink na oor hoe julle die liefde en trou van die Here beleef?

GOD se **storie**
wat sê **die Bybel**

Lees saam
1 Korintiërs 12: 1-11

As daar tyd is,
kan elkeen dit daarna
weer op sy/haar eie tyd lees.

GOD se **storie**
gesels hieroor na

- Noem enige iets uit die gedeelte wat jou geraak het.
  Of enige vrae wat jy nou het.
- Wat leer ons uit Paulus se openingswoorde in vers 1?
- Waarom is dit vir ons steeds nodig om te weet van- en om te leer oor die gawes?
- Hoe sal julle die lys van gawes in hierdie gedeelte beskryf? Hoe verskil dit van die lys in Romeine 12: 4-8?
  Wat is die verskil tussen talente en gawes?

ons **nuwe storie**

Hoe ons nuut, dink, doen en leef in die wêreld rondom ons.
Verder en Voor:

Op watter manière kan jy jou gawes ter wille van ander (in jou gemeente en/of gemeenskap) gaan aanwend?

na die **erediens**

As julle groep na die erediens bymekaarkom waarin die teks hanteer is:

- Noem enige iets uit die prediking wat jou geraak het of wat jy nie verstaan nie.
- Wat dink julle was die hoofgedagte? Kan julle dit in een sin opsom?

bid vir mekaar

Is daar enige iets waarvoor die groep vir jou kan bid? Dit sal goed wees as julle 'n gebedsjoernaal kan begin waarin julle gebedsversoeke kan neerskryf.

Deel enige gebedsverhoring of Godservarings sedert julle mekaar laas gesien het. Hoe en waar het jy die afgelope week vir God beleef?

Dank God daarvoor.